 - (t) the limited engaging by the Authority of the services of consultants, when it is necessary to make use of such services [;
 - (u) generally, any matter which it is necessary or expedient to prescribe for the attainment or better attainment of the objects of this Act or the performance of the functions of the Authority].** 50
- (2) Different regulations may be made in terms of subsection (1) or (1A) with reference to different categories or classes of security service providers.
- (3) Regulations made in terms of subsection (1) or (1A) may, in respect of any contravention thereof or failure to comply therewith, prescribe as a penalty a fine or imprisonment for a period not exceeding [24 months] five years. 55
- (4) The Minister must, after consultation with the Council, issue guidelines or policies in relation to the governance of the Authority within six months of the commencement of this Act and thereafter as and when required. 60

- (iv) kostebevele met betrekking tot wangedragverrigtinge;
 - (v) die prosedure vir die betaling en invordering van boetes wat ten opsigte van onbehoorlike gedrag opgelê is;
 - (vi) bevoegde bevindings en ander toepaslike bevele ten opsigte van onbehoorlike gedrag; 5
 - (vii) die bekragtiging, hersiening of vervanging van enige bevinding, straf of ander bevel in subparagraaf (vi) bedoel, of die tersydestelling daarvan, deur die Owerheid;
 - (i) die instelling, bestuur en funksionering van 'n waarborgfonds vir die private sekuriteitsbedryf; 10
 - (j) die instelling en bedryf van 'n klagtekantoor soos in artikel 4(r) bedoel;
 - (k) die verpligte hou van rekords en dokumente betreffende die bestuur, administrasie en ander aangeleenthede met betrekking tot die lewering van 'n sekuriteitsdiens en die formaat vir die hou van die rekords en dokumente, en ook die perseel waar die rekords en dokumente beskikbaar gehou moet word; 15
 - (l) die tipes inligting wat sekuriteitsdiensverskaffers aan die Owerheid moet verskaf;
 - (lA) die tipes inligting wat sekuriteitsdiensverskaffers aan die Owerheid moet voorsien wanneer 'n sekuriteitsdiens buite die Republiek gelewer word; 20
 - (m) die uitreiking, besit en gebruik van vuurwapens en ander wapens deur sekuriteitsdiensverskaffers;
 - (n) die veilige bewaring van en beskikking oor rekords, dokumente en ander voorwerpe waarop ingevolge hierdie Wet beslag gelê is; 25
 - (o) die opleiding, registrasie, gebruik, behandeling, vervoer en algemene versorging van werksdiere deur sekuriteitsdiensverskaffers en ander persone wat sekuriteitsbeamptes in diens het, in of in verband met die lewering van 'n sekuriteitsdiens, asook die registrasie van opleidingsentrums met betrekking daartoe; 30
 - (p) die inligting wat deur sekuriteitsbesighede aan gebruikers of voornemende gebruikers van sekuriteitsdienste verskaf moet word;
 - (q) die advertering van die dienste van sekuriteitsdiensverskaffers en van sekuriteitstoerusting; 35
 - (r) die gebruik van sekere tipes toerusting deur sekuriteitsdiensverskaffers in die lewering van 'n sekuriteitsdiens;
 - (s) die vervaardiging, invoer, verkoop, verspreiding en besit van sekuriteitstoerusting;
 - (sA) minimum standarde van toepassing op sekuriteitsdiensverskaffers verantwoordelik vir die veilige vervoer van kontant of goedere met 'n hoë waarde, met inbegrip van edelmetale of juweliersware; 40
 - (sB) minimum standarde vir die voorsiening van sekuriteitsdienste by nasionale sleutelpunte soos bedoel in artikel 1 van die Wet op Nasionale Sleutelpunte, 1980 (Wet No. 102 van 1980); 45
 - (t) die beperkte benutting deur die Owerheid van die dienste van konsultante, wanneer dit nodig is om van sodanige dienste gebruik te maak[;];
 - (u) oor die algemeen, enige aangeleentheid wat dit nodig of dienstig is om voor te skryf vir die bereiking of beter bereiking van die oogmerke van hierdie Wet of die verrigting van die werksaamhede van die Owerheid].** 50
- (2) Verskillende regulasies kan ingevolge subartikel (1) of (1A) met betrekking tot verskillende kategorieë of klasse sekuriteitsdiensverskaffers uitgevaardig word. 55
- (3) Regulasies ingevolge subartikel (1) of (1A) uitgevaardig, kan, ten opsigte van enige oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens **[24 maande]** vyf jaar, as 'n straf voorskryf.
- (4) Die Minister moet, na oorleg met die Raad, riglyne of beleid uitreik in verband met die beheer van die Owerheid binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet en daarna soos en wanneer nodig. 60

(5) Any regulation made under this section must be tabled in Parliament for consideration.”

Amendment of section 36 of Act 56 of 2001

33. Section 36 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the section of the following heading: 5
“Provision of information [to Authority]”; and

(b) by the addition of the following subsections:

“(3) The Authority must inform the Registrar as defined in section 1 of the Firearms Control Act, 2000 (Act No. 60 of 2000), at the time of any new registration, suspension, sale, transfer, liquidation, merger, lapsing or termination of the registration or ownership of a security service provider or any other material change or reason that would necessitate the licensing, relicensing or disposal of firearms in the possession of such security service provider. 10

(4) The Registrar mentioned in subsection (3) must, at the written request of the director, submit a list of all firearms registered to a particular security service provider, to the Authority within 30 days of the request being made. 15

(5) The Authority must report to Parliament in its annual report information provided by the Authority to the Registrar in terms of subsection (3).” 20

Insertion of section 36A in Act 56 of 2001

34. The following section is hereby inserted after section 36 of the principal Act:

“Security services rendered outside Republic

36A. (1) Any person who, within the Republic, recruits, trains, hires out, sends or deploys any other person to provide a security service outside the Republic must— 25

(a) provide to the director on a quarterly basis such information as may be prescribed regarding such recruitment, training, hiring out, sending or deployment or nature of the security service within the prescribed time limits; and 30

(b) comply with the provisions of this Act.

(2) A person referred to in subsection (1) may not engage in any activity, or render any assistance, that is prohibited in terms of the Prohibition of Mercenary Activities and Regulation of Certain Activities in Country of Armed Conflict Act, 2006 (Act No. 27 of 2006), or the Regulation of Foreign Military Assistance Act, 1998 (Act No. 15 of 1998). 35

(3) Any person who—

(a) is employed by another person from outside the Republic, and 40
 (b) is deployed from the Republic to perform armed guarding services outside the Republic,

must at least two weeks before the deployment inform the Authority of such deployment in the prescribed manner.

(4) The information referred to in subsection (3) must be submitted by the Authority to the State Security Agency within seven days of receipt of the notification.” 45

Amendment of section 38 of Act 56 of 2001

35. Section 38 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (b) of the following paragraph: 50

“(b) interferes with, resists, obstructs, hinders or delays an inspector, any other person lawfully accompanying an inspector or a member of the Service in the performance of any function in terms of this Act or the Levies Act;”;

(5) Enige regulasie kragtens hierdie artikel uitgevaardig moet vir oorweging in die Parlement ter tafel gelê word.”.

Wysiging van artikel 36 van Wet 56 van 2001

33. Artikel 36 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die opskrif van die artikel deur die volgende opskrif te vervang: 5
 “**Voorsiening van inligting [aan Owerheid]**”; en
- (b) deur die volgende subartikels by te voeg:
- “(3) Die Owerheid moet die Registrateur soos in artikel 1 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No. 60 van 2000), omskryf, inlig ten tyde van enige nuwe registrasie, opskorting, verkoop, oordrag, likwidasie, samesmelting, verstryking of beëindiging van registrasie of eienaarskap van ’n sekuriteitsdiensverskaffer of enige ander wesentliche verandering of rede wat die lisensiëring, herlisensiëring of beskikking oor vuurwapens in die besit van sodanige sekuriteitsdiensverskaffer, sal nodig maak. 10
 (4) Die Registrateur in subartikel (3) genoem moet, op skriftelike versoek deur die direkteur, ’n lys van alle vuurwapens wat vir ’n bepaalde sekuriteitsdiensverskaffer geregistreer is, binne 30 dae na die versoek gemaak is, aan die Owerheid voorlê. 15
 (5) Die Owerheid moet in sy jaarverslag aan die Parlement verslag doen oor die inligting ingevolge subartikel (3) deur die Owerheid aan die Registrateur verstrek.”. 20

Invoeging van artikel 36A in Wet 56 van 2001

34. Die volgende artikel word hierby na artikel 36 in die Hoofwet ingevoeg:
- “**Sekuriteitsdienste buite Republiek gelewer** 25
- 36A.** (1) ’n Persoon wat, binne die Republiek, ’n ander persoon werf, oplei, uithuur, stuur of ontplooi om ’n sekuriteitsdiens buite die Republiek te verskaf moet—
- (a) kwartaalliks die voorgeskrewe inligting binne die voorgeskrewe tydsbeperkings aan die direkteur verskaf betreffende sodanige werwing, opleiding, uitverhuring, stuur of ontplooiing of aard van die sekuriteitsdiens; en 30
 (b) aan die bepalings van hierdie Wet voldoen.
- (2) ’n Persoon in subartikel (1) bedoel mag nie by enige aktiwiteit betrokke raak, of enige bystand verleen nie, wat verbied is ingevolge die Wet op die Verbod op Huursoldaatbedrywighede en die Reëling van Sekere Bedrywighede in ’n Land van Gewapende Konflik, 2006 (Wet No. 27 van 2006), of die Wet op die Regulering van Buitelandse Militêre Bystand, 1998 (Wet No. 15 van 1998). 35
 (3) Enige persoon wat— 40
 (a) in diens is van ’n ander persoon van buite die Republiek; en
 (b) uit die Republiek ontplooi word om gewapende wagstaandienste buite die Republiek te verrig,
 moet die Owerheid ten minste twee weke voor die ontplooiing op die voorgeskrewe wyse van sodanige ontplooiing verwittig. 45
 (4) Die inligting in subartikel (3) bedoel moet binne sewe dae vanaf ontvangs van die kennisgewing deur die Owerheid aan die Staat-sekuriteitsagentskap voorsien word.”.

Wysiging van artikel 38 van Wet 56 van 2001

35. Artikel 38 van die Hoofwet word hierby gewysig— 50
 (a) deur paragraaf (b) in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(b) ’n inspekteur, enige ander persoon wat ’n inspekteur wettiglik vergesel of ’n lid van die Diens in die verrigting van enige werkzaamheid ingevolge hierdie Wet of die Wet op Heffings dwarsboom, weerstaan, belemmer, hinder of vertraag.”; 55

- (b) by the deletion in subsection (2) of the word “or” at the end of paragraph (b), the substitution for the comma of the expression “; or” at the end of paragraph (c) and the addition of the following paragraph:
- “(d) (i) allows the use of any insignia, emblem, title or symbol whether on uniform or vehicle or otherwise; or
(ii) allows the use of any uniform, which corresponds or can be confused with any uniform, insignia, emblem, title or symbol used by the South African National Defence Force, the Service or a municipal police service.”;
- (c) by the substitution in subsection (3)(i) for subparagraphs (i), (ii) and (iii) of the following subparagraphs:
- “(i) in the case of a natural person, on a first conviction of a contravention referred to in paragraph (a), (e), (f), (g) or (h) is liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both a fine and such imprisonment, and in the case of a juristic person, to a fine;
(ii) in the case of a natural person, on a second or subsequent conviction of a contravention referred to in paragraph (a), (e), (f), (g) or (h) is liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding ten years, or to both a fine and such imprisonment, and in the case of a juristic person, to a fine;
(iii) in the case of a natural person, on a conviction of a contravention referred to in paragraph (b), (c), (d) [(e), (f), (g), (h),] or (i), is liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 24 months, or to both a fine and such imprisonment, and in the case of a juristic person, to a fine.”; and
- (d) by the insertion of the following subsection after subsection (3):
- “(3A) Any person who fails to comply with the provisions of section 36A(1) or (3) is guilty of an offence and is liable—
(a) in the case of a natural person, on a first conviction, to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 10 years, or to both a fine and such imprisonment, and in the case of a juristic person, to a fine; or
(b) in the case of a natural person, on a second or subsequent conviction, to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 15 years, or to both a fine and such imprisonment, and in the case of a juristic person, to a fine.”.

Repeal of section 39 of Act 56 of 2001

36. Section 39 of the principal Act is hereby repealed. 40

Repeal of section 41 of Act 56 of 2001

37. Section 41 of the principal Act is hereby repealed.

Insertion of section 44A in Act 56 of 2001

38. The following section is hereby inserted after section 44 of the principal Act:

“Transitional provisions relating to Private Security Industry Regulation Amendment Act, 2014 45

44A. (1) In this section ‘Amendment Act’ means the Private Security Industry Regulation Amendment Act, 2014.

(2) (a) Any category or class of security service providers which was not obliged to be registered as such in terms of this Act, immediately before the commencement of the Amendment Act, will not be subject to the provisions 50

- (b) deur in subartikel (2) die woord “of” aan die einde van paragraaf (a) te skrap, die komma aan die einde van paragraaf (b) te vervang deur die uitdrukking “; of” en die volgende paragraaf by te voeg:
- “(d) (i) die gebruik van enige kenteken, embleem, titel of simbool hetsy op uniform of voertuig of elders, toelaat; of 5
- (ii) die gebruik van enige uniform, wat soortgelyk is aan of verwar kan word met enige uniform, kenteken, embleem, titel of simbool wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag of die Diens of ’n munisipale polisie diens gebruik word, toelaat.”; 10
- (c) deur subparagrafe (i), (ii) en (iii) in subartikel (3)(i) deur die volgende subparagrafe te vervang:
- (i) in die geval van ’n natuurlike persoon, by ’n eerste skuldigbevinding aan ’n oortreding in paragraaf (a), (e), (f), (g) of (h) bedoel, strafbaar met ’n boete of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens vyf jaar, of met ’n boete sowel as daardie gevangenisstraf, en in die geval van ’n regs persoon, met ’n boete; 15
- (ii) in die geval van ’n natuurlike persoon, by ’n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding aan ’n oortreding in paragraaf (a), (e), (f), (g) of (h) bedoel, strafbaar met ’n boete of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens tien jaar, of met ’n boete sowel as daardie gevangenisstraf, en in die geval van ’n regs persoon, met ’n boete; 20
- (iii) in die geval van ’n natuurlike persoon, by ’n skuldigbevinding aan ’n oortreding in paragraaf (b), (c), (d), (e), (f), (g), (h) of (i) bedoel, strafbaar met ’n boete of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens 24 maande, of met ’n boete sowel as daardie gevangenisstraf, en in die geval van ’n regs persoon, met ’n boete.”; 25
- en
- (d) deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg: 30
- “(3A) ’n Persoon wat versuim om aan die bepalings van artikel 36A(1) of (3) te voldoen is aan ’n misdryf skuldig en is—
- (a) in die geval van ’n natuurlike persoon, by ’n eerste skuldigbevinding strafbaar met ’n boete of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens 10 jaar, of met ’n boete sowel as daardie gevangenisstraf, en in die geval van ’n regs persoon, met ’n boete; of 35
- (b) in die geval van ’n natuurlike persoon, by ’n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding strafbaar met ’n boete of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens 15 jaar, of met ’n boete sowel as daardie gevangenisstraf en in die geval van ’n regs persoon, met ’n boete.”. 40

Herroeping van artikel 39 van Wet 56 van 2001

36. Artikel 39 van die Hoofwet word hierby herroep.

Herroeping van artikel 41 van Wet 56 van 2001

37. Artikel 41 van die Hoofwet word hierby herroep.

45

Invoeging van artikel 44A in Wet 56 van 2001

38. Die volgende artikel word hierby na artikel 44 in die Hoofwet ingevoeg:

“Oorgangsbepalings betreffende die Wysigingswet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2014

44A. (1) In hierdie artikel beteken ‘Wysigingswet’ die Wysigingswet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2014. 50

(2) (a) Enige kategorie of klas van sekuriteitsdiensverskaffers wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet nie verplig was om ingevolge hierdie Wet as sodanig geregistreer te wees nie, sal nie onderworpe wees aan die bepalings van hierdie Wet of die Wet op Heffings 55

of this Act or the Levies Act until such date as the Minister may determine by notice in the *Gazette*.

(b) From the date of commencement of the Amendment Act, all new applications for registration must be made in accordance with the requirements of the Amendment Act.

(c) A notice contemplated in paragraph (a) may specify different dates in respect of different categories or classes of security service providers and must be published at least 180 days before any such date specified therein.

(3) The Minister must, within a period of two years from the commencement of the Amendment Act, make regulations that must be made under this Act, as amended by the Amendment Act.

(4) The chairperson and councillors who have been appointed before the commencement of the Amendment Act shall remain in these positions until their services have been terminated in terms of the provisions of this Act: Provided that such chairperson and councillors must obtain a security clearance to the level required by the Minister if not yet acquired before the commencement of the Amendment Act.

(5) Should the Minister re-appoint any councillor who is serving at the time when the Amendment Act commences, the total period of the contract of such a councillor may, when the original appointment is taken into account, not exceed seven years and such councillor must contribute to the requirement of section 6(3).

(6) Subject to subsection (4), from the commencement of the Amendment Act all members of the Council may only serve on a part-time basis.

(7) The secretary for the Council must be appointed within six months of the commencement of the Amendment Act, and until the appointment of such secretary, the director must ensure that the necessary secretarial services are provided to the Council.

(8) As from the date of commencement of the Amendment Act, the post of the director and the deputy directors must be filled in accordance with section 14 and taking into account section 14A, but the current incumbents of the respective posts will continue to hold office until the respective posts are filled in terms of section 14.

(9) The Exemption Advisory Committee as contemplated in section 20A must be appointed by the Minister before the commencement of the Amendment Act.

(10) An appeal committee as contemplated in section 30(2A) must be appointed before the commencement of the Amendment Act.

(11) A regulation that prohibits the use of any uniform, insignia, emblem, title, symbol, distinctive badge or button used by security service providers which was not in contravention of the Act must provide for a reasonable period, which period may not be less than 18 months from the promulgation of such regulation, for the phasing out of the use of the particular uniform, insignia, emblem, title, symbol, distinctive badge or button.

(12) The fixed establishment of the Authority referred to in section 14(1B) must be determined within 24 months of the commencement of the Amendment Act and the Minister must report any delay in the process to Parliament.

(13) The Authority through the Council must submit quarterly progress reports to the Minister on its readiness and progress made in respect of the implementation of the Levies Act and the renewal of registration.

(14) The Minister must report, on a quarterly basis, to Parliament on the progress made in the implementation of the Amendment Act.

(15) The implementation of section 20(2)(c) with regard to a security business that is registered as a security service provider at the commencement of the Amendment Act must be done in accordance with legislation promoting and protecting investment in the Republic and the Republic's international trade obligations."

nie tot op sodanige datum wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* kan bepaal.

(b) Vanaf die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet, moet alle nuwe aansoeke om registrasie ooreenkomstig die vereistes van hierdie Wysigingswet gedoen word.

(c) 'n Kennisgewing in paragraaf (a) beoog kan verskillende datums vermeld ten opsigte van verskillende kategorieë of klasse sekuriteitsdiensverskaffers en moet ten minste 180 dae voor enige sodanige datum wat daarin vermeld word, gepubliseer word.

(3) Die Minister moet, binne 'n tydperk van twee jaar vanaf die inwerkingtreding van die Wysigingswet, regulasies uitvaardig wat kragtens hierdie Wet, soos deur die Wysigingswet gewysig, uitgevaardig moet word.

(4) Die voorsitter en raadslede wat voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet aangestel is bly in hierdie posisies totdat hul dienste ingevolge die bepalings van hierdie Wet beëindig word: Met dien verstande dat sodanige voorsitter en raadslede 'n sekerheidsklaring tot die vlak deur die Minister vereis moet kry indien dit nie voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet verkry is nie.

(5) Sou die Minister enige raadslid heraanstel wat dien wanneer die Wysigingswet in werking tree, kan die totale tydperk van die kontrak van sodanige raadslid, wanneer die oorspronklike aanstelling in ag geneem word, nie sewe jaar oorskry nie en sodanige raadslid moet bydra tot die vereiste van artikel 6(3).

(6) Behoudens subartikel (4), kan alle lede van die Raad van die inwerkingtreding van die Wysigingswet af slegs deelyds dien.

(7) Die sekretaris van die Raad moet binne ses maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet aangestel word, en tot en met die aanstelling van sodanige sekretaris, moet die direkteur verseker dat die nodige sekretariële dienste aan die Raad voorsien word.

(8) Met ingang van die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet, moet die pos van die direkteur en die adjunktdirekteure ooreenkomstig artikel 14 en met inagneming van artikel 14A van die Wet, gevul word, maar die huidige bekleërs van die onderskeie poste sal voortgaan om die ampte te beklee totdat die onderskeie poste ingevolge artikel 14 gevul word.

(9) Die Vrystellingsadvieskomitee soos in artikel 20A beoog moet voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet deur die Minister aangestel word.

(10) 'n Appèlkomitee soos in artikel 30(2A) beoog moet voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet aangestel word.

(11) 'n Regulasie wat die gebruik verbied van enige uniform, kenteken, embleem, titel, simbool, onderskeidende kenteken of knoop wat nie in stryd met die Wet was nie wat deur sekuriteitsdiensverskaffers gebruik is, moet voorsiening maak vir 'n redelike tydperk, welke tydperk nie minder as 18 maande vanaf die uitvaardiging van sodanige regulasie kan wees nie, vir die uitfasering van die gebruik van die bepaalde uniform, kenteken, embleem, titel, simbool, onderskeidende kenteken of knoop.

(12) Die vaste diensstaat van die Owerheid in artikel 14(1B) bedoel moet binne 24 maande vanaf die inwerkingtreding van die Wysigingswet bepaal word en die Minister moet enige vertraging in die proses aan die Parlement rapporteer.

(13) Die Owerheid, deur die Raad, moet kwartaallikse vorderingsverslae aan die Minister voorlê aangaande sy gereedheid en vordering gemaak ten opsigte van die inwerkingstelling van die Wet op Heffings en die hernuwing van registrasie.

(14) Die Minister moet kwartaalliks aan die Parlement verslag doen oor die vordering wat in die inwerkingstelling van die Wysigingswet gemaak is.

(15) Die inwerkingstelling van artikel 20(2)(c) ten opsigte van 'n sekuriteitsbesigheid wat met die inwerkingtreding van die Wysigingswet as 'n sekuriteitsdiensverskaffer geregistreer is, moet ooreenkomstig wetgewing wat belegging in die Republiek en die Republiek se internasionale handelsverpligtinge bevorder en beskerm, gedoen word."

Amendment of Schedule to Act 56 of 2001

39. The Schedule to the principal Act is hereby amended—
- (a) by the insertion after the expression “Any offence in terms of the Regulation of Foreign Military Assistance Act, 1998 (Act No. 15 of 1998).” of the following expression: 5
“Any offence in terms of the Prohibition of Mercenary Activities and Regulation of Certain Activities in Country of Armed Conflict Act, 2006 (Act No. 27 of 2006).”; and
- (b) by the insertion after the expression “Any offence in terms of legislation pertaining to the control over the possession and use of firearms and ammunition;” of the following expressions: 10
“Any offence in terms of the Regulation of Interception of Communications and Provision of Communication-related Information Act, 2002 (Act No. 70 of 2002).
 Any offence in terms of the Intelligence Services Act, 2002 (Act No. 65 of 2002). 15
 Any offence of trafficking in persons as defined in section 1 of the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013 (Act No. 7 of 2013).
 Any offence of torture as defined in the Prevention and Combating of Torture of Persons Act, 2013 (Act No. 13 of 2013). 20
 Any offence referred to in Part I or Part II of Schedule I to the Implementation of the Rome Statute of the International Criminal Court Act, 2002 (Act No. 27 of 2002).
Any offence in terms of the Explosives Act, 2003 (Act No. 15 of 2003).”. 25

Amendment of Index to Act 56 of 2001

40. The Index to the principal Act is hereby amended—
- (a) by the insertion after item 14 of the following item: 30
“14A. Disqualifications for appointment as director and deputy directors”;
- (b) by the deletion of item 15;
- (c) by the substitution for item 16 of the following item.
“16. [Funds] Finances of Authority”;
- (d) by the insertion after item 16 of the following item: 35
“16A. Annual report”;
- (e) by the deletion of items 17, 18 and 19”;
- (f) by the insertion after item 20 of the following item:
“20A. Exemption Advisory Committee”;
- (g) by the insertion after item 21 of the following item: 40
“21A. Categories of security businesses”;
- (h) by the insertion after item 36 of the following item:
“36A. Security services rendered outside Republic”;
- (i) by the deletion of items 39 and 41; and
- (j) by the insertion after item 44 of the following item: 45
“44A. Transitional provisions relating to the Private Security Industry Regulation Amendment Act, 2014”.

Substitution of long title to Act 56 of 2001

41. The long title of the principal Act is hereby substituted for the following long title: 50
“To provide for the regulation of the private security industry; for that purpose to establish a regulatory authority; to provide for the appointment of the director and deputy directors for the Authority; to provide for cooperation with the Civilian Secretariat for Police; to provide for the finances and accountability of the Authority; to provide for limitation on foreign ownership; to provide for the establishment and functions of the Exemption Advisory Committee;” 55

Wysiging van Bylae tot Wet 56 van 2001

39. Die Bylae tot die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die volgende uitdrukking na die uitdrukking “Enige misdryf ingevolge die Wet op die Regulering van Buitelandse Militêre Bystand, 1998 (Wet No. 15 van 1998)”, in te voeg: 5
 “Enige misdryf ingevolge die Wet op die Verbod op Huur-soldaatbedrywighede en die Reëling van Sekere Bedrywighede in ’n Land van Gewapende Konflik, 2006 (Wet No. 27 van 2006).”; en
- (b) deur die volgende uitdrukking na die uitdrukking “Enige misdryf ingevolge wetgewing met betrekking tot die beheer oor die besit en gebruik van vuurwapens en ammunisie;” in te voeg: 10
 “Enige misdryf ingevolge die Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasies en Verstrekking van Kommunikasieverwante Inligting, 2002 (Wet No. 70 van 2002).
 Enige misdryf ingevolge die Wet op Intelligensiedienste, 2002 (Wet No. 65 van 2002). 15
 Enige misdryf van mensehandel soos omskryf in artikel 1 van die ‘Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013’ (Wet No. 7 van 2013).
 Enige misdryf van marteling soos omskryf in die ‘Prevention and Combating of Torture of Persons Act, 2013’ (Wet No. 13 van 2013). 20
 Enige misdryf in Deel I of Deel II van Bylae I tot die Wet op die Implementering van die Statuut van Rome oor die Internasionale Strafhof, 2002 (Wet No. 27 van 2002).
 Enige misdryf ingevolge die Wet op Springstof, 2003 (Wet No. 15 van 2003).” 25

Wysiging van Indeks tot Wet 56 van 2001

40. Die Indeks tot die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die volgende item na item 14 in te voeg: 30
 “14A. Onbevoegdheid vir aanstelling as direkteur en adjunkdirekteur”;
 (b) deur item 15 te skrap;
 (c) deur item 16 deur die volgende item te vervang:
 “16. [Fondse] Finansies van Owerheid”;
 (d) deur die volgende item na item 16 in te voeg: 35
 “16A. Jaarverslag”;
 (e) deur items 17, 18 en 19 te skrap;
 (f) deur die volgende item na item 20 in te voeg:
 “20A. Vrystellingsadvieskomitee”;
 (g) deur die volgende item na item 21 in te voeg: 40
 “21A. Kategorieë van sekuriteitsbesighede”;
 (h) deur die volgende item na item 36 in te voeg:
 “36A. Sekuriteitsdienste buite Republiek gelewer”;
 (i) deur items 39 en 41 te skrap; en
 (j) deur die volgende item na item 44 in te voeg: 45
 “44A. Oorgangsbepalings betreffende die Wysigingswet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2014”.

Vervanging van lang titel tot Wet 56 van 2001

41. Die lang titel tot die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang: 50
 “**Om voorsiening te maak vir die regulering van die private sekuriteitsbedryf; om vir daardie doel ’n regulerende owerheid in te stel; om voorsiening te maak vir die aanstelling van die direkteur en adjunkdirekteur vir die Owerheid; om voorsiening te maak vir samewerking met die Burgerlike Sekretariaat vir Polisie; om voorsiening te maak vir die finansies en rekenpligtigheid van die Owerheid; om voorsiening te maak vir beperking van buitelandse eienaarskap; om voorsiening te maak vir die instelling en werksaamhede van die Vrystellingsadvieskomitee; om sekuriteitsdienste wat buite die Republiek gelewer word te reguleer; om die** 55

to regulate security services rendered outside the Republic; to empower the Minister to make regulations for the transportation of cash and other valuables; to provide for offences and penalties; and to provide for matters connected therewith.”

Amendment of Preamble to Act 56 of 2001

5

42. The preamble to the principal Act is hereby amended—

(a) by the insertion before the first paragraph of the following paragraph:

“**WHEREAS** national security is paramount and needs to be approached in a holistic and pro-active manner;

AND WHEREAS it is essential that the private security industry operates in a manner that contributes to the safety and security of communities and in particular consumers of private security services, but also in a manner that does not prejudice or threaten national security;”;

and

(b) by the substitution for the first paragraph of the following paragraph:

“**AND WHEREAS** the adequate protection of fundamental rights to life and security of the person as well as the right not to be deprived of property, is fundamental to the well-being and to the social and economic development of every person;”.

Short title and commencement

20

43. This Act is called the Private Security Industry Regulation Amendment Act, 2014, and comes into operation on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

Minister te magtig om regulasies uit te vaardig vir die vervoer van kontant en ander waardevolle items; om voorsiening te maak vir misdrywe en strawwe; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.”.

Wysiging van aanhef tot Wet 56 van 2001

5

42. Die aanhef tot die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die volgende paragraaf voor die eerste paragraaf in te voeg:

“**AANGESIEN** nasionale veiligheid van die grootste belang is en op ’n holistiese en proaktiewe wyse benader moet word;

EN AANGESIEN dit noodsaaklik is dat die private sekuriteitsbedryf op ’n wyse bedryf word wat bydra tot die veiligheid en sekuriteit van gemeenskappe en in die besonder verbruikers van private sekuriteitsdienste, maar ook op ’n wyse wat nasionale sekuriteit nie bedreig of benadeel nie;”;

10

(b) deur die eerste paragraaf deur die volgende paragraaf te vervang:

15

“**EN AANGESIEN** die toereikende beskerming van fundamentele regte op lewe en sekuriteit van die persoon asook die reg om nie van eiendom ontnem te word nie, fundamenteel tot die welsyn en tot die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van elke persoon is;”.

Kort titel en inwerkingtreding

20

43. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2014, en tree in werking op ’n datum deur die President by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065